

Liewe Vriende

En skielik begin dinge gebeur. Toe Susan se rug hoor ek het in die nuusbrief geskryf oor die motor-bestuurdery, toe voel hy sommer beter en ry sy nou al heerlik self rond. Miskien nie so heerlik nie, maar sy kan darem weer haarself help.

Ek, Neels, was ook weer vir 'n slag dokter toe in Prieska oor die liesbreuk wat my regtig baie pla. Nou het ek afspraak vir die 19de April in Kimberley om dit te laat regmaak. Maar hoekom ek dit eintlik skryf is dat ons ry by Marydale verby as ons Prieska toe gaan en Wena herinner my dat ons nog nie die bril projék daar gedoen het nie.

Ons twee, ek en Wena, was dus hierdie week daar en watter geseënde uitruik was dit nie!

Toe ons die dorp inkom kry ons twee ouerige mans langs die pad. Ons vra hulle toe of hulle weet waar ons so iets kan doen en hulle sê dadelik by Daniël en beduie ons presies waar hy woon. Ons het ons karavaan by Pastoor Daniël Adams se huis getrek en die drie dae daar gebly. Hy het ook 'n kerk by sy huis, voorheen was dit 'n winkel. Ons het dus genoeg plek gehad om te werk. Hy en sy vrou en hulle dogter het gesorg dat almal wat daar kom die covid reëls nakom.

Ek sê altyd vir Wena ek sien nie kans vir meer as vyftien mense per dag nie, miskien twintig, maar niks meer nie. Maar Wena voel so sleg om mense weg te wys. Dan sy bid liever vir my vir energie en geesteskrag en dan laat sy maar nog mense toe.

Vir U wat nie weet nie, ek maak leesbrille en Wena maak die allermooiste sakkies. Dan gaan ons na gemeenskappe toe wat afgeleë is, toets mense se oë en gee dan vir hulle 'n leesbril, terwyl ons terselfdertyd die evangelie van Jesus Christus ook verkondig. Dit is juis die laaste deel wat 'n mens emosioneel uitput, want die Gees van die Here moet deurentyd deur jou werk. Self kan ek nie weet wat die persoon se geestelike behoefte is, wat die persoon nodig het nie.

Die eerste dag het ons 26 mense so bedien, die tweede dag 36 en die laaste dag 33. Ons kan baie getuïenisse gee, maar elke persoon is 'n getuïenis. Die laaste een was seker die beste. Ons het ook namiddae mense by hulle huise besoek, die wat nie na ons kan kom nie. Heel laaste was 'n tannie wat bedlêend is. Ons weet nie hoekom nie. Maar sy was so verveeld want sy lê net in die bed en kan nie sien om iets te lees nie, of selfs eers haar selfoon hanteer nie. Toe ons haar die bril gee en sy sien sy kan lees, toe loop die trane en toe loop ons trane ook sommer. Sy vat toe sommer dadelik die Johannes Evangelie wat ons haar gegee het en begin lees.

Ons moet nog een iets byvoeg wat ons nie kan verklaar nie. Ons Johannes evangelies was op, het nog een oorgehad. Toe druk ek onwettig 70 evangelies self. Ek het gedink drie dae teen 20 persone per dag, plus 10 ekstra. Maar toe het ons 95 mense gesien. En almal het evangelies gekry.

Frans en Bernice was Februarie weer voluit in die gevangenis besig, albei by die jeug, hulle sê dit gaan goed daar. Die jong manne luister as hulle praat en werk saam. Weens Covid mag die gevangenes se familie hulle nie besoek nie, amper 'n jaar al, en dit is vir hulle goed as daar iemand kom wat omgee.

Die skole projek begin nou ook weer aan die gang kom. By die skole waar hulle reeds was, is die mense opgewonde om met die boekies te begin. Hulle sal nog gedurende die huidige maand die Kakamas roete doen. Bernice het geskakel en al die skole wil graag aangaan.

Frans en Bernice het ook die Jesusfilm een aand by Zuma Valley gaan wys. Ons verstaan die plek se naam is verander, maar ek kan nie nou onthou wat die nuwe naam is nie, klink darem beter as PE se nuwe naam.

Oor die finansies het ons so baie getuienisse dat dit vervelig raak. Vergun ons egter een getuienis. Ons bussie moes bande kry en ons het 'n redelike bedrag gekort. Ons het vir ons Vader gevra en ongeveer die presiese bedrag is in ons rekening inbetaal. Ons is baie dankbaar teenoor ons Vader, maar ook teenoor Sy kinders, ons broers en susters, wat gehoorsaam is.

Dankie, ook vir elkeen wat vir ons bid en elkeen wat ons bemoedig, soms raak die pad maar eensaam. Eintlik is ons maar eensaam hier waar ons bly, maar ons het vir U en mekaar as gesin en bo-alles het ons ons Hemelvader wat ons dra en lei.

Susan sê sy gaan haar eie nuusbrief uitstuur.

Baie liefde

Al die de Waals van Cornelius Bediening

FNB Upington. Tak kode: 230604.

Rekening No. 62403557187.

C de Waal.

Kennisgewing: SMS na 0823453771.